SONSTRAAL BYBELSTUDIE

2 AUGUSTUS 2026 | GENESIS 12:10-20

Open
Vertel vir mekaar waar jy hierdie week gewonder het of jy dalk God se stem gehoor het. Of dalk waar jy weet jy het God se stem gehoor

Lees die teks
Genesis 12:10-20

Abram het pas die belofte ontvang van ‘n land, ‘n nageslag, en God se seën (Gen. 12:1–3). Abram is nog opgewonde oor God se beloftes en daar breek ‘n die hongersnood uit en Abram vergeet alles wat God hom belowe het en besluit daar is net een pad en dit is reguit Egipte toe.

Egipte was ’n magtige, gevorderde ryk — maar ook ’n plek van geestelike gevaar. Die oomblik toe hy sy voete daar sit, besef hy – hier is moeilik want sy vrou, Sarai, is te mooi. So hy vra haar – sê net vir hulle jy is my suster. En hy oortuig haar dat dit ter wille van haar is.

Abram se vrees vir sy eie veiligheid laat hom:

- God se beskerming vergeet
- Sarai in gevaar stel
- Sy getuienis verswak
- ’n onwaarheid gebruik om homself te red

Abram tree nie op as die man van geloof wat ons later sien nie — hy is menslik, feilbaar, bang. Maar nogsteeds tree God in: Hy beskerm Sarai se eer en die verbondslyn, Hy stop Farao se planne, Hy bring Abram terug na die pad van gehoorsaamheid want God se trou is nie afhanklik van Abram se vermoeë om perfek te wees nie.

Gesels saam
1. Kan ons God se planne stop?
2. Waarom voel dit soms vir ons of God geen plan het met ons en nêrens heen oppad is met ons?
3. Hoekom is dit so maklik om besluite te neem sonder om God te vra?
4. Wat is die belofte aan jou in jou lewe wat jy dink nooit gaan gebeur nie?
5. Hoe kan ons “self-red”-planne ander mense seermaak?
6. Hoe bring God jou terug, as jy weggestap het?

Afsluting
Laat iemand afsluit met ’n gebed en gaan huis toe met hierdie gedagtes:
Abram struikel, maar God hou vas. Abram lieg, maar God red.
Abram faal, maar God se plan staan.
God is groter as ons swakheid.